

Winkerk 7 wil nie oopmaak nie en gee die volgende skerm

Database Connections

Wanneer meegaande skerm verskyn beteken dit dat Winkerk 7 op hierdie rekenaar probeer om na die databasis te konnekteer, maar nie kan konnekteer nie. Bg. probleem kan deur 'n hele aantal faktore veroorsaak word:

A: Oorsake en oplossings op 'n losstaande rekenaar wat glad nie aan 'n netwerk gekoppel is nie, of op 'n "Server" rekenaar as hoofrekenaar van 'n netwerk.

1. **SQL Server is nie op hierdie rekenaar ge-installeer nie.**

Oplossing: Installeer SQL Server.

Download die SQL Server 2005 installasielêer vanaf ons webwerf. Dit is beskikbaar onder "Produkte" en dan "Winkerk 7" of klik op hierdie link:

<http://www.infokerk.co.za/downloads/SQLSetupWK7.exe>



Maak seker dat u eers die installeringsinstruksies gelees het voordat u probeer om SQL Server te laai. <http://www.infokerk.co.za/downloads/wk7inst.pdf>

2. **SQL Server se installasie het nie reg verloop nie of is be-ëindig voordat dit klaar was.**

Oplossing: Installeer SQL Server na behore. Dit sal raadsaam wees om eers alles van SQL Server te un-install, die rekenaar te restart en voor af te begin, maar maak eers seker dat jy die installeringshandleiding gelees het!!


B: Oorsake en oplossings op 'n werkstasie rekenaar wat aan 'n netwerk gekoppel is.

Database Connections

Wanneer hierdie skerm op 'n werkstasie verskyn beteken dit dat Winkerk 7 op die werkstasie probeer om na die databasis te konnekteer maar kry nie kan gekonnekteer kry na die databasis nie. Die verstelling wat in bg. skerm aangebring moet word, is soos volg:

Tik langs "Server" die naam of IP Adres van die "SERVER REKENAAR" in, en daarna die naam van

die Instance waarin SQL Server op die "SERVER REKENAAR" ge-installeer is. As voorbeeld van wat u moet intik sien onderstaande prent:




Maak seker dat u soos in bostaande voorbeeld "SQL Server" Authentication gebruik. Onthou om dan 'n "Username" en "Password" in te tik. Die Username is altyd "sa" en die password sal infokerk101 wees, mits u Infokerk se eie SQL Server installasie lêer gebruik het.



LW: Daar kan van 'n Werkstasie af van "Windows Authentication" gebruik gemaak word. In so geval word daar natuurlik geen Username of password ingetik nie. HIERDIE OPSIE IS SLEGS MOONTLIK INDIEN U VAN 'N DOMAIN NETWERK GEBRUIK MAAK.

Die password sal, indien u die Winkerk 7 installasie handleiding gevolg het, "infokerk101" wees.

3. Indien u al bg. inligting voorsien het en u kry die volgende boodskap moet die oorsaak van die fout op een van 'n paar plekke gesoek word.



- a. In die "Connect to database" skerm het u 'n tikfout gemaak met die naam van die Server of die instance, of met die Username of password.
- b. Daar is 'n netwerk probleem dat hierdie rekenaar glad nie die Server rekenaar kan raaksien nie. Dit kan hardeware of sagteware wees. In hierdie geval moet u, u netwerk administrateur kry om die probleem op te los.
- c. Die opstelling van SQL Server op die Server rekenaar is nie reg gedoen nie. Verwys na die installasie handleiding vir die regte opstelling van SQL Server op die Server rekenaar.
- d. Die SQL Poort, 1433, asook SQL Server program is nie in die Windows Firewall, of in die Antivirus program se Firewall toegelaat as "exceptions" nie. Verwys na die installasie handleiding vir die regte opstelling van die Firewall(s) op die Server rekenaar